


SOEKTOG NA KLEIN DIERTJIES

C.M. Engelbrecht

Eendag, lank, lank gelede, het die mens opdrag gekry om aan al die diere van die veld name te gee. Moontlik het die mens gedink dat hy sommer Maandag of Dinsdag al die taak sou afhandel, want kyk dit is mos maar net die bees, die skaap, die kat, die hond, die hoender, die leeu, die olifant, 'n klompie visse, voëls, insekte, reptiele... dalk moet hy maar volgende week daarvoor afsonder. Aan die ander kant bestaan daar sowat 300 000 spinnekopsoorte en dit kan 'n mens selfs langer as 'n jaar neem om hulle almal te beskryf. Helaas, 1982 het aangebreek en die mens het reeds meer as 1 miljoen soorte en 2 miljoen subsoorte in die diereryk beskryf! En tog is daar diergroepe waarvan die grootste persentasie in ons land nog onbeskryf is en dus nie name het nie. Onder hierdie grotendeels onbeskrywe diergroepe is juis die geleedpotiges goed verteenwoordig.

'n Diergroep wat vir die man op straat meestal onbekend is, is die grondmyte en veral 'n groep bekend as die Oribatei. Hulle is veral onbekend omdat hulle in grootte varieer vanaf 0,25 mm tot sowat 0,75 mm in lengte en meestal nie skade aan ons plantegroei aanrig nie. Trouens hulle blyk baie voordelig en selfs noodsaaklik te wees in die grond, want hulle word soms beskou as van die grootste meganiese afbrekers van verrottende plantemateriaal, wat dus grondvrugbaarheid bevorder. Soms is hulle toevallig aandadig aan die verspreiding van lintwurms deurdat hulle heel terloops as tussengashere optree deur van die lintwurmeiers (ova) te vreet en sodoende aan die lintwurm die kans gee om 'n stappie verder te ontwikkel in sy siklus, maar hulle is nie essensieel in die lewensiklus van die lintwurm nie.



Die Oribatei is agtpotige diertjies met 'n harde en meesal gladde liggaamswand wat hulle soos miniatuur kewertjies laat lyk. Hulle agt pote dui aan dat hulle fisies verwant is aan die bosluise en spinnekoppe. Hulle kom hoofsaaklik in die boonste dun grondlaag voor en veral in grond wat ryk is aan verrottende plantmateriaal. Inheemse bosse met digte klam, verrottende blare-afval is veral ryk aan Oribatei. Daar is egter ook soorte wat in varswater voorkom, of water- en landlewend is, en andere wat op die strande in die seewater lewe.

Hoewel hierdie diertjies so klein is, is dit tog baie maklik om hulle te versamel. Die versamelmetode is aangepas om hierdie diertjies se gevoeligheid teen uitdroging uit te buite. 'n Dun laagie grond (sowat 25 mm dik) wat ryk is aan of heeltemal bestaan uit organiese materiaal, word op 'n siffrakkie van vlieëgas geplaas. Die rakkie staan weer op 'n groot tregger. Die grond word nou belig met 'n gloeilamp wat die grond stadig oor 'n tydperk van sowat 36 uur laat uitdroog. Die grondlewende diertjies beweeg al dieper in die grond in namate die grond van bo af uitdroog, totdat hulle uiteindelik deur die gas in die tregger val en dan in 'n botteltjie daaronder beland. Hierna word hulle onder 'n mikroskoop met 'n fyn kwassie uitgesoek en in alkohol bewaar. Verdere bestudering geskied onder 'n navorsingsmikroskoop en die eksemplare word in 'n tydelike preparaat op 'n holteglasie gemonteer sodat dit van alle kante bestudeer kan word. Letterlik elke haartjie (seta) se lengte en vorm asook die getal haartjies, speel 'n rol by die identifisering van die bepaalde soort.

Omdat daar nog soveel onbekende soorte in ons land bestaan, is dit tans ons eerste taak om materiaal landwyd te versamel om verspreidingspatrone vas te stel en om die magdom nuwe soorte te beskryf alvorens ekologiese projekte aangepak kan word.

As u weer in die veld loop, dink net hoeveel diertjies trap u plat met elke tree wat u gee en ...
MIND YOUR STEP!

Fig. 1. 'n Skets van 'n geleedpotige, grondlewende diertjie wat 'n voorbeeld is van een van die sowat 10 000 soorte grondmyte wat tot die infra-orde Oribatei behoort.



Fig. 2. Oribatei kom volop voor in die boonste laag grond wat ryk is aan verrottende plantaafval. 'n Grondmonster soos hierdie een kan maklik 1 000 eksimplare bevat hoewel 50 eksimplare meer die gemiddeld is.

Fig. 3. Die grondmonsters word genommer en in digsluitende plastiessakkies vervoer sodat dit nie uitdroog en die grondmyte vrek nie.






Fig. 4. Die dun lagie grond op 'n gaas word nou aan 'n elektriese lig blootgestel vir tydperke wat kan wissel van 24-36 uur. Al die lewendige eksemplare beweeg vanwee die gronduitdroging weg van die lig na onder en val deur die gaas en die tregters tot in 'n klein houertjie.



Fig. 5. Mev. Louise Coetzee besig om die lewendige diertjies met 'n fyn kwassie van die laaste bietjie grond te skei, identifiseer en in klein houers te plaas.

Fig. 6. Die materiaal word nou bewaar en is ook gereed vir navorsingsdoeleindes.

